9/2/258/9

MUNITORIA
VAN DER WALT
STREET-STRAAT
PK 3242 PRETORIA 0001
TEL 313-7911
FAX 323-0064
TELEX TOWN CLERK
TELEKS STADSKLERK
MUNITORIA 321955 SA

**PLEASE ADDRESS LETTERS TO DIRECTOR**
**RIG ASSEBLIEF BRIEWE AAN DIREKTEUR**

ONS VERW NR / OUR REF NO: 11/0/10637
NAVRAE AAN / ENQUIRIES TO: N. Mioch

CITY PLANNING DEPARTMENT
PRETORIA
DEPARTEMENT STEDELIKE BEPLANNING

22 Junie 1992

STREEKSBESTUURDER RAAD VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE
POSBUS 7888
PRETORIA
0001

Geagte Mev. M.M. van der Merwe

RESTOURASIE - HATFIELD BRANDWEERSTASIE

Fondse is deur die Stadsraad van Pretoria beskikbaar gestel vir die opgradering van die Hatfield Brandweerstasie in die 1993 boekjaar.

Die tekeninge vir die bestaande gebou is in 1935 gedoen, dus is die gebou ± 56 jaar gelede opgerig.

Die bestaande deure van die masjienloods (wat in 'n swak toestand is) bestaan uit swaar hout geraamde deure, met glaspanele, met 'n baie primatiewe automatiesegeveerde oopmaak meganisme, wat die deure vertikaal opvou. Die deure gaan nie weer outomaties toe nie, en moet dus met die hand toe gemaak word.

Die opdrag aan die Argitekte Afdeling van die Brandweer Afdeling is dat die deure rekenaarbeheerd moet wees, en dat die deure outomaties moet oop en toe maak, met 'n horisontale oorhoofse aksie.

'n Vervaardiger van aluminiumdeure, wie ons geraadpleeg het, beweer dat houtdeure wel deur 'n skrynwerker vervaardig kan word. Die aluminiumdeur vervaardiger sou dan die skarniere, spore ens. voorsien, sowel as die outomatiese oop en toemaak meganismes. Die kommer ontstaan egter of die houtdeure wel doeltreffend sal funksioneer, met die groot gewig inaggeneem en ook die feit dat hout nie 'n stabiele materiaal is nie, (dit sit uit, krimp en trek).

Die Argitekte Afdeling sou dit dus raadsaam ag om aluminiumdeure, met poeier epoxie afwerking, te spesifiseer. Ons voel dat die nuwe deure nie afbreuk aan die estetiese waarde van die gebou sal doen nie.

PRETORIA
R. N. G. / N. M. C.
1992 -06- 2 5
ONTVANG / RECEIVED

/2...



(2)

Hierby aangeheg 'n afdruk van die bestaande gebou se tekening, sowel as die voorgestelde vooraansig, met nuwe aluminium deure.

Ons hoop dat diè voorstel deur die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede goedgekeur sal word.

Dit sal hoog opprys gestel word indien u antwoord op hierdie saak bespoedig kan word.

n DIREKTEUR : STEDELIKE BEPLANNING
/sds

BYLAAG

(3)